

## **1. Agtergrond**

Werkersdag word vandag in baie lande, behalwe Amerika (wat hierteen gekant is) gevier. In Europa staan dit as Meidag bekend en dateer terug na die Middeleeue toe dit as feesdag die begin van die lente gevier het. Tydens die feesdag is verskillende seremonies uitgevoer ter ere van Flora, die Romeinse godin van blomme. Meidag was reeds eeue lank in Europa 'n fees vir kinders om die herverskyning van blomme in die (Europese) lente te vier.

Baie lande gedenk op hierdie dag die bydrae van werkers tot die gemeenskap. Werkersdag is 'n nasionale en openbare vakansiedag wat die werkers van 'n land huldig. Dit word in verskeie lande gevier. Dit hou histories met die arbeidersbewegings en die Meidag-feesvieringe in ander dele van die wêreld verband.

In die gewese Sowjet-Unie, die destydse groot vesting van die Kommunisme, en ander Kommunistiese lande was dit sedert ongeveer 100 jaar gelede die belangrike dag van die Meidagparade met pantservoertuie, vuurpyle en soldate wat die nasie se leiers salueer. Tipies van die Meidagparade was dan die militêre magsvertoon, kompleet met soldate, tenks en ander weermagstuig. Hulde is ook gebring aan die bydrae wat die land se werkers tot die opbou van Kommunisme gelewer het. Buite die Kommunistiese blok het dit egter die vorm begin aanneem van protesoptredes vir hoër lone en beter werksomstandighede.

Amerika het egter nie só 'n vakansiedag nie, omdat dit in wese 'n Kommunistiese oorsprong het. Elders was dit ook tradisioneel 'n dag van betogings vir beter lone en werkstoestande. Dit spruit verder voort uit die internasionale stryd van werkers en hul vakbonde vir solidariteit tussen werkers, hul soeke na regverdige indiensneming en die vestiging van menseregte en werkersregte in die werkplek.

In Suid-Afrika word Meidag sedert 1996 as 'n vakansiedag, bekend as Werkersdag, gevier. Dit herdenk ook die dag van 1 Mei 1951, toe die ANC protesoptredes en wegbly-aksies uitgeroep het in opstand teen die destydse regering van die dag. Voor 1994 is die dag deur vakbonde in Suid-Afrika vir protesoptogte teen die destydse apartheidsregering se rassebeleid ingespan. Vanweë die rol wat vakbonde in die Suid-Afrikaanse vryheidstryd gespeel het – en stellig omdat die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party 'n koalisievenoot in die ANC-regering is – is dit nie verbasend dat ons regeerders 1 Mei as Werkersdag gekies het nie.

## **2. Word Werkersdag om die regte redes gevier?**

Edward Smit deel sy ervaring en siening op Netwerk24 (2018, verwerk vir LitNet se Blokraaisels):

As kind was 1 Mei nog altyd 'n vakansiedag en vir laat slaap en niks doen. Met ouderdom en bietjie verstand later het ek gehoor dis 'n openbare vakansiedag. Eers heelwat later in my lewe toe verneem ek dis eintlik Werkersdag, maar ironies 'n dag waarop niemand juis hoef te werk nie.

Werkersdag is 'n nasionale vakansiedag wat alle werkers van 'n land huldig en word wêreldwyd gevier. Dit is die dag wat gewy word aan die ywer van die werkerskorps se bydrae tot die ekonomie. Vir etlike jare – en dalk nog steeds vandag – was die regte van werkers en arbeiders die botoon in die veranderende arbeidsmark.

Deesdae het 1 Mei 'n totaal nuwe gedaante aangeneem met werkers se regte op die agtergrond en politieke figure se doen en late en soms niksseggende toesprake aan skares op die voorgrond.

Ons huidige arbeidswetgewing het ten doel om by te dra tot billike arbeidspraktyke, goeie en veilige werksomstandighede, die bevordering van die werknemer se regte, asook die ontwikkeling van veral vaardighede en kwalifikasies.

Vakbonde doen werklik baie vir die beskerming van werkers en veral hul lede se arbeidsregte, maar die huidige toetreders tot die werksomgewing wil net werk, geld verdien en probeer om 'n lewe te maak.

